

Brambles

Beleid oor sosiale media

Brambles Limited

Hersien: 1 Januarie 2020

Weergawe 2.0

BELEID OOR SOSIALE MEDIA

Beleidoorsig

Brambles erken dat sosiale media 'n doeltreffende nutsmiddel is vir die deling van inligting en opinies met familie, vriende en gemeenskappe regoor die wêreld, en dat dit al hoe meer 'n fasiliteerder van korporatiewe en sakebetrokkenheid is. Die gebruik van sosiale media hou egter ook sekere risiko's in en dra sekere verantwoordelikhede daarmee saam. Brambles het hierdie beleid daargestel om leiding aan werknemers te gee oor die neem van verantwoordelike besluite oor hul gebruik van sosiale media. Dit is ontwerp om die belange van die maatskappy, sy werknemers en sy klante en verskaffers te beskerm, om te verseker dat enige verwysings na Brambles of sy filiaalmaatskappye nie vertroulikheidsvereistes oortree nie, en om andersins voldoening aan Brambles se gedragskode en sy beleid oor deurlopende openbaarmaking en kommunikasie te verseker.

Die Brambles-groep se beleid oor sosiale media geld vir alle werknemers wat vir Brambles of een van sy filiaalmaatskappye werk.

Wat is sosiale media?

Sosiale media sluit alle wyses van kommunikasie of die plasing van inligting of inhoud van enige aard op die internet en alle vorms van sosiale berekening in. Sosialemediaplatforms neem baie verskillende vorms aan, waaronder maar net onder meer u of iemand anders se blogs of mikroblogs (bv. Twitter, Tumblr), inhoudgemeenskappe (bv. YouTube), sosiale en professionele netwerkwebwerwe (bv. Facebook, LinkedIn), forums en besprekingsborde (bv. Whirlpool, Google Groups), aanlyn ensiklopedieë (bv. Wikipedia) en virtuele speletjie- en sosiale wêreldes (bv. World of Warcraft, Second Life).

Die toepassing van sosiale media is aan die groei en dit ontwikkel vinnig. Hierdie beleid dek toekomstige toepassings van sosiale media, watter vorm dit ook al aanneem.

Waarom het Brambles 'n beleid oor sosiale media ontwikkel?

As 'n openbaar genoteerde maatskappy moet Brambles – en gevolglik sy werknemers – sekere standaarde handhaaf wanneer dit kom by wat en hoe dit kommunikeer, sowel intern as ekstern. Dieselfde beginsels en riglyne wat in Brambles se beleide gevind word, waaronder die gedragskode en die handves oor geen skade nie, geld vir aanlyn aktiwiteite, wat dié insluit wat met sosiale media verband hou. Op die ou end is elke individu alleen verantwoordelik vir wat hy of sy aanlyn plaas. Voordat aanlyn inhoud geskep word, is dit nodig om die risiko's en belonings in ag te neem wat betrokke is. Hou in gedagte dat enige van u gedrag wat u werksprestasie, die prestasie van kollegas of klante, verskaffers of mense wat namens Brambles of filiaalmaatskappye werk negatief beïnvloed tot dissiplinêre optrede kan lei, tot en insluitend afdanking. Onvanpaste plasinge wat diskriminerende aanmerkings, teistering en dreigemente van geweld of soortgelyke onvanpaste of onwettige gedrag kan insluit, of wat vertroulike inligting van Brambles, sy klante of verskaffers en werkverwante aangeleenthede van sy werknemers openbaar maak, sal nie geduld word nie.

Wat gebeur as iemand die bepalings van hierdie beleid oortree?

Versuim om aan hierdie beleid te voldoen kan tot dissiplinêre optrede teen 'n werknemer of werknemers lei, tot en insluitend beëindiging van diens. Dit kan ook daartoe lei dat regstappe deur derde partye teen die maatskappy of een of meer van sy werknemers gedoen word. U kan enige vrae of kommentaar e-pos na socialmedia@brambles.com.

Verantwoordelikheid vir die sukses van hierdie beleid

Brambles se raad het die oorhoofse verantwoordelikheid vir hierdie beleid. Die visepresident, beleggersbetrekkinge en korporatiewe aangeleenthede het die daaglikse operasionele verantwoordelikheid vir hierdie beleid en moet verseker dat alle werknemers gereelde en gepaste opleiding ontvang.

Die visepresident, beleggersbetrekkinge en korporatiewe aangeleenthede, in samewerking met die raad, sal minstens een maal per jaar hierdie beleid uit 'n regs- en operasionele oogpunt nagaan. Hierdie beleid vorm nie deel van 'n party of enige werknemer se kontrak of skeep andersins een nie, en dit mag van tyd tot tyd gewysig word. Werknemers word uitgenooi om kommentaar op hierdie beleid te lewer en maniere voor te stel waarop dit verbeter kan word. Kommentaar of voorstelle moet aan die visepresident, beleggersbetrekkinge en korporatiewe aangeleenthede gerig word.

Alle werknemers is verantwoordelik vir die sukses van hierdie beleid. Brambles skeep werkplekke waarin oop en eerlike kommunikasie tussen alle werknemers van waarde geag en gerespekteer word. As u enige vrae oor hierdie beleid het, of as u 'n potensiële oortreding daarvan wil aanmeld, praat asseblief met u lynbestuurder of enige lid van die regs- of mensehulpbronspan, of bel die Praat uit-hulplyn. In ooreenstemming met Brambles se Praat uit-beleid sal geen vergelding- of weerwraakstappe teen enige werknemer gedoen word as kwellings ingevolge hierdie beleid geopper word nie. Brambles is daartoe verbind om kwellings van werknemers te ondersoek, te hanteer en daarop te reageer, en om gepaste korrektiewe stappe in reaksie op enige oortreding te doen.